Ontmoeting 22 Eutiges val deur die venster

Die ervarings van die gemeente in Troas tydens Paulus se besoek.
Teks: Handelinge 20:7-12 en Romeine 10:14
Hulpmiddels:

- Name van lande op papierstrook geskryf
- 'n Bord/blaaibord en penne om mee te skryf
- Bybel
- Uitdruk van huisie

WELKOM

Gaan op reis:
Merk 4 lande. Een in elke hoek van die lokaal. Israel, Griekeland, Turkye en Sirië.
Begin in Israel en roep opdragte uit soos die volgende:
Stap na Damaskus. *Terwyl hulle stap, roep jy "Donderweer" en almal val op hul knieë met hul arms voor hul kop.*
Ry perd na Griekeland. *Roep intussen: "Rowers" en almal staan bymekaar om mekaar te beskerm.*
Jy kan jou eie storielyn opbou met sulke opdragte.
Vind die lande deur die letters in te vul:

_ _ i _ _ e _ a _ d r g l a k e n

_ _ r _ y _ *u t k e*

WYDING

Temalied: "I have decided"
Stilword-ritueel:
Laat die kinders hul ogies toemaak en tjoepstil bly. Sê vir hulle in 'n rustige stem die volgende:
"Dink bietjie oor die volgende vrae sonder om hardop te antwoord: Toe jy vanoggend wakker geword het, was dit vir jou lekker of sleg in julle huis? Toe jy uit die huis uitgegaan het, was die mense op julle pad vriendelik of onbeskof? Toe jy by jou skool aangekom het, was jou maatjies vriendelik met jou of het hulle jou sleg laat voel? Was die dag in die skool vir jou lekker of minder lekker? Sê in jou hartjie vir die Here dankie dat Hy nog die hele dag by jou was." Sê "Amen" na 30 sekondes van stilte.

WOORD

Gee die kinders die geleentheid om iemand te nomineer op die vraag: "Watter bekende persoon sal julle graag wil ontmoet en tyd mee spandeer?"
Laat hulle 'n paar name gee en skryf dit op 'n bord.
Gee geleentheid om te "stem" vir een.
Vra dan:
Hoekom wil julle hom/haar ontmoet?
Hoe lank sal julle saam by hom/haar wil kuier en na hom/haar wil luister? Een uur / 5 ure / 'n hele dag / 'n hele nag?
In Troas was daar 'n groep Christene wat baie opgewonde gewag het dat Paulus moet kom kuier.
Hulle was so opgewonde soos julle oor … is.
Hulle wou meer weet van alles wat Paulus op sy reise ervaar het. Kom ons kyk waar was Paulus oral. Dit sien ons in ons paspoorte. Verlede keer het ons gehoor van die onluste in Efese. Daarna het Paulus nog gemeentes besoek waar hy vroëer was. *(Stap met die sandaaltjie op die kaart.)* Op pad terug na Jerusalem toe, het hy by Troas aangegaan.
Die gemeente in Troas wou alles weet wat Paulus hulle kan vertel.
Ons lees van hierdie interessante kuier in Handelinge 20:7-12.
(Lees dit voor en maak oogkontak met die kinders waar opdragte in die teks voorkom sodat die kinders kan ervaar die storie word aan hulle gerig.)

Hand 20:7-12:
Ons het almal die Sondagaand bymekaargekom om te bid. Al ons christene het lekker saamgeëet. Ons was in 'n groot kamer op die derde vloer van die gebou. *(Wys met die een hand drie vlakke om die verdiepings te illustreer.)* Daar was baie lampe in die kamer omdat dit al donker was. *(Wys met jou wysvinger na 'n paar plekke in die lokaal om die idee van lampe te beklemtoon.)*
Paulus sou die volgende dag weer vertrek. *(Kyk na die tas – sorg vooraf dat dit op 'n sentrale plek staan.)*
Daarom het hy baie dinge gehad wat hy nog vir ons wou sê. Hy het dus lank gepreek. Dit was al middernag. *(Kyk kamma op armhorlosie.)*
'n Jongman met die naam Eutigus het op die vensterbank na Paulus gesit en luister. *(Wys na die venster.)* Eutigus was moeg en het al hoe vaker geraak. *(Vryf jou oog.)* Eers het sy kop net geknik. *(Knik jou kop stadig.)* Later het hy vas aan die slaap geraak. *(Maak of jy slaap.)*
Toe val hy by die venster uit: van die derde vloer af tot op die grond. *(Wys die verdiepings nou van bo na onder.)* Ons het groot geskrik en afgehardloop ondertoe. Toe ons onder kom, was hy reeds dood.
Paulus het oor Eutigus gekniel en sy arms om hom gevou. *(Druk jou Bybel 'n oomblik teen jou bors vas.)* Toe sê Paulus vir ons: "Moenie julle ontstel nie. Eutigus lewe!!"

Daarna het Paulus en ons almal weer boontoe gegaan. Eutigus was springlewendig. *(Kyk kinders in die oë en wip op jou stoel / gee 'n klein sprongetjie.)*
Ons het toe almal saamgeëet. Daarna het Paulus weer met ons oor Jesus gepraat. Toe ons weer sien, het die son opgekom. *(Kyk weer op jou horlosie en na die venster.)*
Daarna het Paulus vertrek. Ons was baie opgewonde oor alles wat ons daardie aand gesien en gehoor het.

Kies kinders om die volgende persone te speel terwyl jy weer die verhaal lees:

- Paulus
- Eutigus
- Baie gemeentelede

Lees nou weer die verhaal terwyl die kinders dit uitbeeld.

Die kinders dink na oor die ervaring:

1. Ek wonder wat was vir jou die mooiste deel van die verhaal.
2. Ek wonder wat het Eutigus die volgende dag vir sy maats vertel wat nie daar was nie.
3. Ek wonder wat was vir jou die belangrikste in die verhaal.

WERSKAF

- Verdeel in klein groepe wat elk die verhaal gaan uitspeel. (Hulle kan terugkom in die groot groep en dit vir mekaar wys.)
- Elke kind maak sy eie papierkonstruksie van die toneel waar Eutigus uit die venster geval het. Op bl. 13 is die verskillende dele wat ingekleur, gevou en geplak kan word. Eutigus val tot onder, dan maak mens die deurtjie oop en dan staan Paulus onder by Eutigus.

Sluit af met die seënbede.





Benodigdhede:

◊ Prent op dun karton gekopieer
◊ "Split pin"
◊ "Craft"-messie

Kopieer die dele op karton en kleur in of laai die prente in kleur van ons webtuiste af en druk uit op karton. Sny al die dele versigtig uit. Vou die lang deel op die stippellyne soos op die prentjie. Gebruik 'n "craft"-messie om op die geboë stippellyne van die agtergrond uit te knip. Maak klein gaatjies op die kruisies. Druk Eutigus (die lang prent) van voor af deur die gleuf. Steek 'n "split pin" eers deur die agtergrond en dan deur die lang strook met Eutigus. Buig die beentjies plat. Vou die kleinste deeltjie (die deur) op die stippellyn en plak dit voor op die agtergrond vas. Dit bedek die "split pin" se beentjies en vorm die deur. As mens die deur oopmaak, staan Paulus daar.